Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERINGSTAAK

GRADE 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ‘n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord antwoorde gevra word en die leerder gee ‘n volsin is dit korrek MITS die korrekte antwoord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ‘n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: O togga, ‘n gogga!

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barret)
1.1	• C • ‘n vraag vra. • C – ‘n vraag vra. (Enige EEN)	1	2
1.2	kwaadgeld (Slegs EEN woord)	1	1
1.3	Waar op aarde sal jy tog ‘n plek vind waar g’n gogga jou sal pla nie. Die blyplek van insekte strek immers byna oor ons hele planeet. (Enige EEN)	1	2
1.4	kokende	1	1
1.5	• varswaterpoele/strome. • warmbronne • donker grotte. (Enige TWEE)	2	1
1.6	saam met ons	1	2

1.7	Bye bestuif plante/bestuif die plante wat ons eet.	1	1
1.8	• (Misvlieë en brommers) is nuttig want hul larwes verteer die uitwerpsels van mense en diere. • (Misvlieë en brommers) is nuttig want sonder hulle sou die uitwerpsels van diere en mense die aarde bevuil het. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2
1.9	800 000	1	1
1.10.1	mense	1	2
1.10.2	insekte	1	2
1.11	Nee Die naaldekoker met ‘n vlerkspan van 60cm is deel van ‘n fossielspesie./Fossielspesies bestaan nie meer nie. (Of soortgelyk)	1	3
1.12	Dit beperk waterverlies./Dit keer dat die diertjies te veel vog verloor. (Of soortgelyk)	1	2
1.13	• Hulle kan oor groot gebiede versprei. • Hulle kan nuwe omgewings inneem. • Hulle kan nuwe voedselbronne benut. • Hulle kan vinnig van hulle vyande ontsnap. (Enige EEN)	1	2
1.14	‘n Vlieg het ‘n reaksietyd van ‘n vyftigste van ‘n sekonde/se reaksietyd is baie vinnig./’n Mens se reaksietyd is baie stadiger as dié van ‘n vlieg. (Of soortgelyk)	1	3
1.15	• Sy hart sit naby sy rug. • Hulle het nie verskillende bloedvate nie. • Daar is slegs een groot slagaar wat van die hart af deur die bors loop. (Enige TWEE)	2	1
1.16	Dit word denotief gebruik en verwys na die insek se hart/die letterlike betekenis van hart. (Of soortgelyk)	1	2
1.17	twee/2/’n paar (Enige EEN)	1	2
1.18	moontlik	1	1

1.19	• C • Meer inligting oor insekte te verskaf. • C – Meer inligting oor insekte te verskaf.	1	2
1.20	Bv. Ja Insekte bestuif plante. Nee Insekte is gevaarlik en ons het hulle nie nodig nie. Hulle is lastig en pla jou. (Of soortgelyke sinvolle antwoord.)	1	3

TEKS B: INLIGTING EN GRAFIEK			
1.21	Afrika	1	1
1.22	goed/groot/beter	1	1
1.23	Australië	1	2
1.24	198/Honderd agt en negentig (Enige EEN)	1	3
1.25	1999	1	1
1.26	toegeneem	1	2
1.27	Meer navorsing kan gedoen word om die siekte te keer. Mense moet meer verantwoordelik optree. Jy kan pille vir Malaria drink. (Of soortgelyk)	1	3
		30	

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2 **TEKS C: REëNTYD IS MUSKIETTYD**		
DIREKTE AANHALING		**EIE WOORDE**
Dreineer staande water uit die grond of grasperke.	1	Jy kan staande water uit die grond en grasperke verwyder.
Jy kan jou huis se vensters met gaas bedek om hulle uit te hou.	2	Bedek jou vensters met gaas om muskiete uit te hou.
Sommige van hierdie geitjies, akkedisse en spinnekoppe vang muskiete en behoort nie uitgeroei te word nie.	3	Moenie geitjies, akkedisse en spinnekoppe uitroei nie want hul vang muskiete.
Trek langbroeke en langmouhemde aan wanneer jy in die veld gaan stap.	4	Trek klere aan wat jou behoorlik bedek wanneer jy in die veld gaan stap.
Jy kan elektriese insekweerders installeer.	5	Installeer elektriese insekweerders.
Plant van hierdie plante wat skerp reuke versprei naby jou huis.	6	Plant plante wat skerp reuke afgee naby jou huis.
Brand hierdie spoele om jou huis om die karnallies te verdryf.	7	Brand muskietspoele om muskiete te verjaag.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL
ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudige-keuse vrae.

VRAAG 3
TEKS D: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barret)
3.1	• A • die leser betrek deur 'n vraag te vra. • A – die leser betrek deur 'n vraag te vra. (Enige EEN)	1	2
3.2	nuutste	1	1
3.3	Jy moet dit kry!/Voorraad is uiters beperk!	1	2
3.4	Skakel/bel om 'n bestelling te plaas./Skakel/bel 011 – 4657891./Stuur 'n e-pos … (Of soortgelyk)	1	2
3.5	Voorraad	1	1
3.6	Ja Die mense sit rustig buite./Daar is nie muskiete wat hulle pla nie.	1	3
3.7	Koordloos/herlaaibaar	1	2
3.8	• Die lantern verjaag nie muskiete uit jou persoonlike ruimte nie. • Die lantern verjaag muskiete nie uit jou persoonlike ruimte nie. (Enige EEN)	1	2
3.9	manne/mans	1	2
3.10	perfekte	1	3
		[10]	

VRAAG 4 **TEKS E: STROKIESPRENT**			
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**	**DENK-VLAK (Barret)**
4.1	Die klein muskiet sê dat hy naby ‘n klomp mense was.	1	2
4.2	• C • bekommerd was oor hom. • C – bekommerd was oor hom. (Enige EEN)	1	2
4.3	om nooit naby mense te kom nie./Ma muskiet het haar kind gewaarsku <u>om nooit naby mense te kom nie</u>.	1	2
4.4.1	**WAT!!,** word uitgeroep/het uitroeptekens./ **WAT!!** word in hoofletters geskryf./**WAT!!** is vetgedruk.	1	3
4.4.2	Die uitroeptekens na sy woorde./Die aksentteken op mál. (Of soortgelyk.)	1	2
4.4.3	Sy armpies/vlerkies is in die lug/ Sy mond is groot oop.	1	2
4.5	hom wou doodslaan.	1	1
4.6	ver	1	1
4.7	luister	1	1
4.8	Daar is ‘n lastige **vlieg** in my kamer./Die tyd **vlieg (figuurlik)** as ons met interessante dinge besig is. (Ander betekenis as die werkwoord vlieg.)	1	2
		[10]	

VRAAG 5

TEKS F: BLOEDSUIERS

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barret)
5.1.1	Die somer is **naby**./Dit is **amper** somer. (Of soortgelyk)	1	3
5.1.2	Dit verwys na klein./Dit beteken dit is ‘n klein vampier./Die vampier is nie groot nie. (Of soortgelyk)	1	2
5.1.3	koudste	1	1
5.1.4	in	1	1
5.1.5	riviere	1	1
5.1.6	Wees bewus van die gevare sodat jy jou geliefdes teen muskiete kan beskerm.	1	2
5.1.7	ska – de – loos	1	1
5.1.8	Mense word deur muskiete aangeval.	1	2
5.1.9	Hoeveel spesies muskiete is al geïdentifiseer? (Vraagteken verpligtend om die punt te verdien)	1	2
5.1.10	Muskiete het in ysige toestande oorleef.	1	2
5.1.11	blitsvinnig	1	2
5.1.12	lewenssiklus	1	2
5.1.13	Muskietwyfies kan blitsig die bloed van hul slagoffers uitsuig.	1	2
5.1.14	uitstekende/briljante/uitsonderlike/goeie	1	2
		[14]	

TEKS G: PRENT			
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**	**DENK-VLAK (Barret)**
5.2.1	goggatjies	1	2
5.2.2	agt/ag	1	2
5.2.3	Bv. Ja Alle mense is nie bang vir goggas nie. Die stelling veralgemeen.	1	3
5.2.4	vlieëplak	1	2
5.2.5	Sy oë/mond wys dat hy bang is./Hy hou sy hondjie styf vas./Hy gebruik nie die vlieëplak of insekdoder nie.	1	3
5.2.6	Bv. Nee, die hond lyk net so bang soos die seuntjie. Party goggas is groter as die hond. (Of soortgelyk)	1	3
		[6]	

	TOTAAL AFDELING C: 40
	GROOTTOTAAL: 80

MODERERINGSINSTRUMENT VIR FORMELE ASSESSERINGSTAKE GRAAD 10 – 12

AFRIKAANS	HT	**EAT**	TAT
GRAAD	10	11	12

ASSESSERINGSTAAK	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
BESKRYWING	**Vraestel 1: Taal- en Begripsvaardighede**										

A PRE MODERERING

1 Is die volgende inligting aangedui?

INSTANSIE/ NAAM VAN SKOOL		**VAK EN VLAK**		**GRAAD**		**DATUM**		**TYDSDUUR**		**PUNTE**	
Ja √	Nee	Ja √	Nee	Ja √	Nee	Ja √	Nee	Ja √	Nee	Ja √	Nee

2 Kognitiewe vlakke

DENKVLAKKE	**1**	**2**	**3**
VOORGESKREWE RIGLYN	40%	40%	20%
WERKLIKE	40%	40%	20%

Kommentaar:

Barrett se taksonomie is haalbaar en dus voldoen aan die vlakke wat vereis word.

3 Standaard van assesseringstaak

Die assesseringstaak voldoen aan die standaard vir Graad 11 EAT - leerders

4 Verskeidenheid en inklusiwiteit

'n Verskeidenheid vrae wat al die vereiste kognitiewe vlakke aanspreek, is ingesluit in dié vraestel en sal deur ál die Graad 11 EAT - leerders beantwoord kan word.

5 Taalgebruik

	KOMMENTAAR
Geskiktheid vir vlak en grad	√
Korrekte vakterminologie	√

6 Assesseringsinstrument

MEMORANDUM	√	**RUBRIEK**		**KORREKTHEID**	Ja √	Nee
Indien Nee, veranderinge wat aangebring moet word:						

MODERATOR	**M Dumane**	**HOEDANIGHEID**	**Moderator**
HANDTEKENING	***M Dumane***	**DATUM**	**1/5/19**

Kopiereg voorbehou